*Scriptura 27 (1988), 29-37*

# DIE PREDIKER SE UITSPRAKE OOR EN UITKYK OP DIE DOOD

I J J Spangenberg
Universiteit van Suid-Afrika

## Abstract

Qoheleth's statements on and view of death

*Qoheleth's statements on death are often quoted by scholars who write on the view of death in the Israelite religion. This creates the impression that Qoheleth's view of death is congruent with the view of death found in the rest of the Old Testament. It is argued in this article that Qoheleth's view of death is at variance with both the earlier and later view of death found in the Old Testament.*

Dat die dood 'n prominente rol in die boek Prediker speel, is al in die verlede deur verskeie geleerdes uitgewys. Blieffert (1938:59) sê byvoorbeeld hiervan : 'Diesen "skeptischen Eschatologiker des Alten Testaments" hat mehr als irgendeinen das Skandalon des Todes gequält.'

Die boek open met 'n gedig (Pred 1:2-11), waarin die dood slegs terloops aangeraak word (v 4), en eindig met 'n gedig (Pred 11:7-12:8), waarin die dood as die eindpunt van die lewe geskets word (vse 5-7). Volgens Lauha (1978:16) is die dood een van die sentrale temas van die boek, en Loretz (1964:171) reken die werkwoord *mūt* en die selfstandige naamwoord *māwet* onder die lieflingswoorde van die Prediker. (*mūt* en *māwet* word gesamentlik dertien keer in die boek gebruik, naamlik in 2:16; 3:2; 19[2x]; 4:2[2x]; 7:1, 17, 26; 8:8; 9:4; 5[2x].

Die vrae wat hierdie herhaalde verwysings na die dood na vore roep, is:

(i) Waarom is die Prediker so behep met die dood?

(ii) Stem sy siening van die dood ooreen met die siening wat 'n mens in die res van die Ou Testament aantref?

(iii) Wat is die funksie van die doodsmotief in die boek?

Vrae (i) en (ii) hou na my mening met mekaar verband, en sal in 'n volgende artikel aandag kry. In hierdie artikel wil ek slegs kyk na die siening wat 'n mens in die res van die Ou Testament aantref, en dit vergelyk met die Prediker se siening van die dood.

In 'n sekere sin is dit misleidend om te praat van die Ou-Testamentiese siening van die dood - so asof daar 'n homogene siening van die dood in die Ou Testament voorkom. Israel se siening van die dood en die lewe na die dood het met verloop van tyd veranderinge ondergaan. Sommige geleerdes verkies om in hierdie verband liewer te praat van 'n vroeëre Israelitiese (of ouer Israelitiese) en 'n latere Israelitiese siening van die dood (vgl o a Key 1964:240). Die vierde eeu v C word dan as die skeidslyn tussen die vroeëre en die latere sienings geneem (vgl Martin-Archard 1960:223, Sawyer 1973). Dat dit 'n vereenvoudigde weergawe is van die veranderinge wat met verloop van tyd ingetree het in die Israelitiese siening van die dood, kan nie ontken word nie. [1] Tog help dit om 'n greep te kry op die sienings van die dood soos dit weerspieël word in die literatuur van die Ou Testament.

## 1. Die vroeëre Israelitiese siening van die dood

Uit die ou-Testamentiese literatuur wat iets van die vroeëre Israelitiese siening van die dood weerspieël, blyk dit dat die Israeliete nie eintlik geworstel het met die sterflikheid van die mens nie. Daar is geen sprake van opstand teen die dood nie, want die dood is nie gesien as iets wat die sin van die lewe bedreig nie (vgl Gn 27:2, 48:21, 50:24). Dat 'n mens die een of ander tyd te sterwe moet kom, was vir hulle 'n gegewe waarmee saamgeleef is. Sowel Josua as Dawid sê aan die einde van hulle lewe dat hulle 'die pad van alle mense moet gaan' (Jos 23:14, 1 Kon 2:1-2). Die dood is ook nie beskou as 'die loon van die sonde' nie. Ook is die onderwêreld (*š*$^{e}$'*ōl*) nie gesien as 'n vergeldingsoord nie. Alle mense is dáár gelyk in die sin dat hulle kragteloos word (Jes 14:10), maar rang en stand duur voort. Konings sit daar op hul trone (Jes 14:9), terwyl profete hul mantels dra (1 Sm 28:14). Soms is 'n vroeë dood of die sterwe in 'n vreemde land wel gesien as straf vir een of ander oortreding (vgl 1 Sm 25:38-39, 26:10; Ps 26:9; Am 7:17; Jr 17:11, 20:6, 22:11-12, 28:16). [2]

Hoewel die sterflikheid van die mens met gelatenheid aanvaar is, het die afsterwe van 'n geliefde die Israeliete (soos alle mense) aan die hart gegryp. Die smart wat

---

1. Dat sommige Israelitiese clans gedurende hul nomadiese bestaan die dood anders beleef en anders daaroor nagedink het as ná hul vestiging in die land Kanaän en hul kontak met die Kanaänitiese godsdiens, is feite waarmee rekening gehou behoort te word. Wanneer in hierdie artikel gepraat word van die vroeëre Israelitiese siening van die dood, sluit dit die siening gedurende die nomadiese bestaan van die clans uit. Die siening en belewing van die dood gedurende die nomadiese bestaan het wel 'n invloed uitgeoefen op die latere sienings. So kan die idee dat Jahwe niks met die dood te make het nie, en dat dit buite sy belangstellingsveld lê, byvoorbeeld teruggevoer word na die feit dat nomades hul afgestorwe lede begrawe en agtergelaat het wanneer hulle verder swerf. Hul god het met hul voortgetrek en gevolglik is die band wat daar tussen die afgestorwe lede en hul god bestaan het, verbreek (Maag 1964:17-18).

2. Genesis 2:17 kan nie as 'n bewysteks dien dat die Israeliete wel die dood as die loon van die sonde beskou het nie. In hierdie teks word die dood slegs voorgehou as straf vir 'n bepaalde oortreding. Dit geld ook ten opsigte van Genesis 6:7, 7:4 en 22.

die dood van 'n geliefde meebring, blyk duidelik uit Dawid se smartkreet na Absalom se dood:

> My seun Absalom, my seun,
> my seun Absalom!
> Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het!
> Absalom, my seun, my seun! (2 Sm 19:1) [3]

Die dood het vir die Israeliete nie totale uitwissing beteken nie; dit het wel 'n bepaalde finaliteit ingehou. Wanneer die mens te sterwe kom, sluit dit sy aardse lewe af. Van terugkeer is daar nie sprake nie (2 Sm 12:23, 14:14). Volgens hul besef het die mens wel voortgeleef in die doderyk. Die wyse van voortbestaan ná die dood kan egter nie vergelyk word met die lewe aan die duskant van die graf nie. In die doderyk is die mens afgesny van enige gemeenskap met God en sy medemens. Dáár word God nie meer geloof nie (Jes 38:18; Ps 6:6, 30:10, 88:11-13, 115:17) en het die mens ook geen deel meer aan wat hier op aarde gebeur nie (Fohrer 1968:253, Schmidt 1982:275).

Hoewel die Israeliete geglo het dat die gemeenskap met God in die dood verbreek word, en die mens in die doderyk God se heilsame teenwoordigheid nie meer kan ervaar nie ('es gibt kein Heil im Tod' [Gese 1977:41]), het dit nie beteken dat Hy nie mag het oor die dood en die doderyk nie. Die dood en die doderyk lê binne sy magsgebied en invloedsfeer (Am 9:2; Jes 7:11; Ps 139:8; Spr 15:11). Hy beskik daaroor, want dit is Hy wat die lewe skenk en wat doodmaak (Dt 32:39; 1 Sm 2:6; 2 Kon 5:7). Die dood is dus nie gesien as 'n mag naas God nie, maar as iets waaroor Hy ten volle beskik (Noort 1984:122). In die Israelitiese godsdiens was die dood dus geontmitologiseer. Hierdie ontmitologisering was die direkte gevolg van die feit dat Jahwe as die enigste God aanbid is.

Die Ou Testament gee voorts geen blyke dat daar geglo is aan die onsterflikheid van die siel nie (Fohrer 1968:252, Stemberger 1972:277, De Vaux 1974:56, Schmidt 1982:277). Wat die mens met sy sterwe verlaat, is nie 'n onsterflike siel nie, maar die lewensasem wat God geskenk het (Gn 2:7; Ps 104:29, Ps 146:4); wat voortlewe is die totale mens, maar dan as 'n skimagtige wese sonder lewenskrag (Jes 14:9-10). Die voortbestaan van hierdie skimagtige wese het saamgehang met die lot van die lyk. Is die lyk verbrand of die beendere verstrooi, het dit die voortbestaan van die mens belemmer (Fohrer 1968:252, Kaiser 1985:185). Dit is waarskynlik een van die redes waarom Amos die verbranding van die beendere van die Edomitiese koning veroordeel (Am 2:1).

Die siening dat die mens ná die dood voortleef, het waarskynlik aanleiding gegee tot die beoefening van nekromansie (vgl 1 Sm 28; 2 Kon 23:24; Jes 8:19). Die beoefenaars van nekromansie het dus nie die siening gedeel dat die mens net as 'n skimagtige wese sonder enige lewenskrag voortleef nie. Volgens hulle het die dooies oor buitengewone gawes beskik, en kan hulle 'n mens van nut wees by die neem van

3. Die teksverwysings is volgens die Biblia Hebraica Stuttgartensia gedoen, en mag hier en daar van die Afrikaanse vertalings verskil.

besluite rakende die toekoms. Die Jahwe-godsdiens het egter afwykend gestaan teen nekromansie en dodeverering (vgl Lv 19:28, 31; 20:6, 27; Dt 18:10-11; 2 Kon 23:24). Die verering of raadpleging van die dooies was niks minder nie as 'n oortreding van die eerste gebod (Schmidt 1982:275).

'n Interessante aspek van die vroeëre Israelitiese siening van die dood, is dat hulle nie maar net geglo het dat 'n mens die dood en die doderyk ná hierdie lewe betree nie, maar dat hulle geglo het dat siekte, gevangenskap, bedreiging deur vyande, - kortweg - eensaamheid en Godsverlatendheid niks minder was nie as 'n belewing van die dood en die doderyk (vgl Ps 30:4,40:3, 86:13, 88:4-7, 116:3; Jes 38:10-11). Die dood is gesien as 'n sfeer wat tot in hierdie lewe reik (Barth 1947:76, 113-114; Martin Achard 1960:43; Fohrer 1968:250-251; Schmidt 1982:278). Jahwe is wel by magte om die mens aan hierdie sfeer te ontruk, maar die sterfuur breek vir almal aan wanneer die lewensasem uitgeblaas word, en Hy nie meer ingryp nie. Hierdie sterfuur het die Israeliete nie gekwel indien die afgestorwene se lewe volle wasdom bereik het, hy 'n gelukkige lewe gelei het, en baie kinders gehad het nie (vgl Gn 15:15, 25:8, 35:29; 1 Kon 2:1-2, 10). So 'n persoon het wel voortgeleef in die herinneringe van sy familielede en vriende.

## 2. Die latere Israelitiese siening van die dood

Vanaf die vierde eeu v C het daar geleidelik 'n nuwer siening in verband met die dood onder die Jode inslag gevind.[4] Die dood is nie meer beskou as die eindpunt van die gelowiges se gemeenskap met God nie. Die hoop op die opstanding uit die dood, en die voortsetting van die gemeenskap met God het dus mettertyd die ouer siening verdring wat voorhou dat daar van gemeenskap met God ná die dood, of van terugkeer uit die dood geen sprake is nie. Teen die tweede eeu v C was die geloof aan die opstanding uit die dood 'n gevestigde leerstelling in die Jodedom (Sawyer 1973:227).

Hierdie nuwere siening was die gevolg van sowel eksterne invloede as interne ontwikkelinge. Wat die eksterne invloede betref, was dit hoofsaaklik die kontak met die Iranese godsdiens tydens en na die ballingskap, en die vervolgings van Antiogus IV wat bygedra het tot die ontstaan van die geloof aan die opstanding (Birkeland 1950/51:74, Martin-Achard 1960:186-205, 219-221). Die interne ontwikkelinge hang weer saam met die geloof in Jahwe se mag en die vergeldingsdogma. Die oortuiging dat Jahwe mag het oor die dood en die doderyk, het die hoop laat ontstaan dat Hy ook in staat is om die gemeenskap tussen Hom en die gelowiges ná die dood voort te sit. Voorts het die geloof aan God se regverdige vergelding daartoe bygedra dat die hoop gekoester is dat Hy uiteindelik aan die regverdiges reg sal laat geskied. Die goddeloses sal nie skotvry daarvan afkom nie. God sal wel sorg dra dat die

4. Dit is gebruiklik om van Jode te praat ná die terugkeer uit die ballingskap en nie van die Israeliete nie. Die opskrif van hierdie afdeling kon goedskiks ook gelui het: die vroeë Joodse siening van die dood.

regverdiges en getroues beloon word, terwyl die goddeloses en ontroues gestraf word.

Daar is twee gedeeltes in die Ou Testament waar die gedagte van die opstanding uit die dood aangetref word. Die eerste gedeelte vind 'n mens in die Jesaja-apokalips (Jes 26:19) en die tweede in die boek Daniël (Dn 12:2). Albei hierdie geskrifte het ontstaan in die onderhawige periode. Die Jesaja-apokalips (Jes 24-27) is waarskynlik gedurende die vierde een v C geskryf, en Daniël gedurende die tweede eeu v C (Vriezen & Van der Woude 1973:225, 294). Daar is wel gedeeltes in die ouer literatuur van die Ou Testament waar 'n mens van opwekkings uit die dood en van 'wegrapings' lees, byvoorbeeld Genesis 5:24 (die 'wegraping' van Henog), 1 Konings 17:17-24 (die opwekking van die seun van die weduwee van Sarfat), 2 Konings 2:11 (die opwekking van die seun van die Sunamitiese vrou). Hierdie gedeeltes gee egter nie blyke van 'n geloof aan 'n algemene opstanding van die dooies nie, maar wel daarvan dat daar geglo is dat Jahwe mag het oor lewe en dood (Fohrer 1968:253, Stemberger 1972:290, Schmidt 1982:279-280). Dit geld ook ten opsigte van Psalms 49 en 73. In dié Psalms is daar nie sprake van 'n algemene opstanding van die dooies nie. Die digters vestig hulle hoop daarop, dat aangesien hul lewens verskil het van dié van die goddeloses, God hulle nie 'n soortgelyke dood as die goddeloses sal laat toekom nie (Fohrer 1968:258, Stemberger 1972:286-288).

## 3. Die Prediker se siening van die dood

Neem 'n mens in ag dat die boek Prediker gedurende die derde eeu v C geskryf is (vgl Friezen & Van der Woude 1973:290, Loader 1979:127, Jagersma 1981:51), is dit te verwagte dat die Prediker kennis moes gedra het van die geloof aan die opstanding. Wat egter opval uit sy geskrif, is sy stilswye hieroor. Nêrens in die boek vind 'n mens 'n verwysing na die opstanding nie, en daarom word sy siening van die dood gewoonlik op een lyn gestel met die ouer Israelitiese siening van die dood en die doderyk. Geleerdes haal gewoonlik die Prediker se uitsprake oor die dood aan wanneer hulle oor bepaalde aspekte van die Israelitiese siening van die dood skryf (vgl o a Wolff 1974:173-175; Kellermann 1976:264,272; Schmidt 1982:277). Die indruk wat hierdeur gewek word, is dat die Prediker se siening van die dood as konserwatief getipeer kan word (vgl ook Gordis 1968:29; Crüsemann 1979:92-94), maar dít is dit allermins! Sy siening van die dood staan haaks op sowel die latere as die vroeëre Israelitiese siening van die dood. 'n Uittreksel uit sy toesprake in hierdie verband behoort dit uit te wys.

In die literatuur wat iets van die ouer siening van die dood weerspieël, speel die kwessie van herinnering van die afgestorwene 'n groot rol. Dit geld veral ten opsigte van die ouer wysheid. Volgens die tradisionele wysheid sal die regverdige/wyse in die herinnering van ander bly voortleef, terwyl die goddelose/dwaas aan die vergetelheid prysgegee sal word (vgl Spr 10:7; Ps 112:6). Die Prediker ontken summier enige hoop op herinnering: 'Want daar bestaan net so min herinnering aan

die wyse as aan die dwaas vir ewig' (Pred 2:16a; vgl ook 1:11).[5] Om die waarheid te sê, nivelleer die dood die verskille tussen wyses en dwase: 'In die toekoms word almal vergeet en sterf die wyse tog maar soos die dwaas!' (Pred 2:16b). Die dood ontmasker voorts nie alleen die onderskeid tussen wyses en dwase as 'n gewaande onderskeid nie, maar ook dié tussen mens en dier: 'Want die lot[6] van die mens en die lot van die dier is presies dieselfde. Soos die een sterf, so sterf die ander. Hulle het een en dieselfde asem! Die mens het geen voordeel bo die dier nie' (Pred 3:19). Hessler (1953:249) vat die troosteloosheid van hierdie uitspraak goed saam met sy opmerking: 'Durch das dunkle Tor des Todes hindurch wandert dann der Mensch in ein noch eisigeres Schweigen und nimmt auf diese letzte Reise nicht einmal den Trost mit, dass er vor dem Tier etwas voraushabe'. 'n Mens kan nie ontken dat die Prediker homself hier geweldig kras uitdruk nie, en dit is te verstane dat hierdie uitspraak in Joodse kringe as aanstootlik beleef is (Hertzberg 1963:111).

Die Prediker het by hierdie troostelose siening beland vanweë sy miskenning van regverdige vergelding. Daar is volgens hom geen sprake van regverdige vergelding in hierdie lewe nie: 'Dit alles het ek gesien in my nietige dae: daar is 'n regverdige wat omkom ondanks sy regverdigheid, en daar is 'n goddelose wat lank leef ondanks sy boosheid' (Pred 7:15). Die geloof aan die opstanding het juis ontstaan vanweë die *impasse* waarin die geloof aan regverdige vergelding gelowiges laat beland het. Die hoop is gekoester dat as God dan in hierdie bedeling nie aan die regverdiges laat reg geskied nie, Hy dit sekerlik in die volgende een sal doen. Die Prediker neem egter nie sy toevlug tot hierdie hoop nie, maar handhaaf enduit dat daar geen regverdige vergelding bestaan nie, en dat die goddelose en die regverdige uiteindelik dieselfde lot ten prooi val: hulle sterf soos diere, en word aan die vergetelheid prysgegee.

Dit wil voorts lyk of die Prediker selfs die ouer siening van 'n skimagtige voortbestaan in die doderyk prysgegee het met sy beklemtoning van die finaliteit van die dood (vgl Kroeber 1963:151, Lauha 1978:170). Volgens hom beteken dood: 'Dis uit en gedaan'. Die dooies weet en beleef niks meer nie (Pred 9:4-6, 10). Uit Genesis 37:35, Jesaja 14:9-10, Job 3:17-19 en 26:5-6 kan die afleiding bemaak word dat daar vroeër wel geglo is aan 'n mate van voortbestaan in die onderwêreld. Die Prediker hou egter voor dat die dood totale vernietiging inhou. 'n Mens sou met reg dus die stelling kon maak dat die finaliteit van die dood nêrens elders in die Ou Testament so nadruklik beklemtoon word as in die boek Prediker nie (vgl Whitley 1979:167, Schoors 1985:303).

In die boek tref 'n mens ook nie meer die onderskeid aan wat so dikwels in die wysheidsliteratuur voorkom, naamlik dat dwase en goddeloses 'n vroeë dood sterf nie (vgl Spr 10:27; 12:28; 13:3, 9; 15:24; 22:22-23; 24:19-20). Volgens die Prediker is daar geen onderskeid tussen die dood wat alle mense móét sterf en die dood wat 'n mens weens dwase optrede kán sterf nie. Daar is slegs één dood: dié wat vir almal

5. Die vertalings van die teksgedeeltes is my eie.

6. Gese (1974:172) en vele ander geleerdes wys daarop dat die woord miqrē ('lot') in die boek Prediker gebruik word om na die dood te verwys. Die lot wat almal tref, ongeag rang, stand of moraliteit, is die dood. Vergelyk ook Prediker 2:14-15 3n 9:2-3.

onverwags en plotseling kom, en sinvolle bestaan bedreig: 'Niemand het beheer oor die wind en niemand het beheer oor die sterfdag nie' (Pred 8:8).' Daar is 'n tyd om geboorte te gee, en 'n tyd om te sterf' (Pred 3:2). Die mens staan uitgelewer aan die lot, en het geen beheer daaroor nie. As sy tyd aangebreek het, sterf hy (Pred 9:11-12).

Nog 'n gedeelte waaruit die Prediker se ander uitkyk op die dood blyk, is 4:1-3. In hierdie gedeelte slaan hy die dood en nie-bestaan hoër aan as die lewe: 'Toe het ek die gestorwenes wat reeds gesterf het, gelukkiger geprys as die lewendes wat tans nog lewe, maar beter daaraan toe as hulle almal, is diegene wat nog nie die eerste lewenslig aanskou het en die onreg nie ervaar het wat onder die son plaasvind nie' (Pred 4:2-3). Hy staan dus nie sonder voorbehoud positief teenoor die lewe nie, want in 'n lewe waar verdrukking voorkom en niemand vertroosting bied nie en God se vergelding boonop ontbreek, is die dood en nie-bestaan te verkies. Dat hierdie uitspraak ook as kras beleef word, blyk daaruit dat heelwat geleerdes beklemtoon dat hierdie slegs 'n voorlopige gevolgtrekking is wat deur die uitspraak in 9:4 ('Wie toe die lewendes behoort, het hoop - 'n hond wat lewe, is beter as 'n hond wat dood is') in perspektief gestel word (vgl Ogden 1975:184, Whybray 1982:93-94). Dit is egter 'n miskenning van die erns van die Prediker se besinning oor die onderdrukking in hierdie lewe. Prediker 9:4 is voorts, binne die konteks waarin dit voorkom, 'n ironiese uitlating, want watter soort lewe is 'n 'hondelewe', en watter soort hoop is 'n 'hoop op die dood' (Pred 9:5)?

'n Laaste gedeelte wat vir hierdie onderwerp van belang is, is Prediker 7:1-4. Met sy stelling dat 'n goeie naam beter is as goeie olie, en die sterfdag as die geboortedag (v 1), slaan die Prediker weer eens die dood hoër aan as die lewe. Hierdie uitspraak druis dan net soos die vorige een (4:2-3) in teen die hoë waardering van die lewe wat dwarsdeur die Ou Testament aangetref word.

Die uitsprake van die Prediker oor die dood bewys dus dat hy 'n ander siening oor die dood gehuldig het. Zapletal (1911:76) se opmerking: 'Kohelet hält fest an dem althebräischen Scheolglauben, aber er nimmt die zu seiner Zeit auftauchenden neuen Vorstellung über die Unsterblichkeit nicht an', is slegs gedeeltelik waar. Die Prediker het nie die nuwere siening oor die dood onderskryf nie, maar onteenseglik ook nie die ouer siening nie. Sommige van sy uitsprake klink wel eg tradisioneel, byvoorbeeld: 'En die stof na die aarde terugkeer soos dit was, en die asem na God wat dit gegee het' (Pred 12:7), maar deur die bank gee sy uitsprake blyke van 'n ander uitkyk op die dood, en is sy uitsprake ook krasser as waaraan 'n mens gewoond is by die lees en bestudering van die Ou Testament.

## BIBLIOGRAFIE

Barth, C 1947. *Die Errettung vom Tode in den individuellen Klage- und Dankliederen des Alten Testaments.* Zollikon: Evangelische Verlag.

Birkeland, H 1950/51. The belief in die resurrection of the dead in the Old Testament. *StTh* 3, 60-78.

Blieffert, H-J 1938. Weltanschauung und Gottesglaube im Buch Kohelet: Darstellung und Kritik. Inaugural-Dissertation, Universität Rostock.

Crenshaw, J L 1978. The shadow of death in Qoheleth, in Gammie, J G, Brueggemann, W A, Humphreys, W L, & Ward, J M (eds), *Israelite wisdom: Theological and literary essays in honor of Samuel Terrien*, 205-216. New York: Scholars.

Crüsemann, F 1979. Die unveränderbare Welt: Überlegungen zur 'Krisis der Weisheit' beim Prediger (Kohelet), in Schottroff, W & Stegemann, W (Hrsg), *Der Gott der kleinen Leute: Sozialgeschichtliche Auslegungen, Altes Testament*, 80-104. München: Kaiser.

De Vaux, R 1974. *Ancient Israel: Its life and institutions*. London: Darton, Longman & Todd.

Fohrer, G 1968. Das Geschick des Menschen nach dem Tode im Alten Testament. *KuD* 14, 149-262.

Gese, H 1974. Die Krisis der Weisheit bei Kohelet, in Gese, H, *Vom Sinai zum Zion*, 168-179. München: Kaiser.

1977, Der Tod im Alten Testament, in Gese, H, *Zur biblischen Theologie: Alttestamentliche Vorträge*, 31-54. München: Kaiser. (BEvTh 78.)

Gordis, R 1968. *Kohelet - the man and his world: A study of Ecclesiastes.* 3rd augmented ed. New York: Schocken Books.

Hertzberg, H W 1963. *Der Prediger*. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus. (KAT 17/4-5.)

Hessler, B 1953. Der verhüllte Gott; Der heilsteologische Sinn des Buches Ecclesiastes (Kohelet). *ThGl* 43, 347-359.

Jagersma, H 1981. Prediker in het kader van zijn tijd, in Doelman, J (red), *Van doem en hoop: Theologen tegen doemdenken*, 51-55. Voorburg: s n. (Redes, uitgesproken tijdens een studieweek van de universitaire protestantse theologische faculteit te Brussel, 30 maart - 3 april.)

Kaiser, O 1985. Die Zukunft der Toten nach den Zeugnissen der alttestamentlich-frühjüdischen Religion, in Kaiser, O, *Der Mensch under dem Schicksal: Studien zur Geschichte, Theologie und Gegenwartsbedeutung der Weisheit*, 182-195. Berlin: De Gruyter. (BZAW 161.)

Kellermann, U 1976. Überwindung des Todesgeschicks in der alttestamentlichen Frömmigkeit vor und neben dem Auferstehungsglauben. *ZThK* 73, 259-282.

Key, A F 1964. The concept of death in early Israelite religion. *JBR* 32, 239-247.

Kroeber, R 1963. *Der Prediger*. Berlin: Akademie-Verlag. (SQAW 13.)

Lauha, A 1978. *Kohelet*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (BK 19.)

Loader, J A 1979. *Polar structures in the Book of Qohelet*. Berlin: De Gruyter. (BZAW 152.)

Lohfink, N 1965. Der Mensch vor dem Tod, in Lohfink, N, *Das Siegeslied am Schilfmeer: Christliche Auseinandersetzungen mit dem Alten Testament*, 198-243. Frankfurt: Josef Knecht.

Loretz, O 1964. *Qohelet und der Alte Orient: Untersuchungen zu Stil und theologischer Thematik des Buches Qohelet*. Freiburg: Herder.

Maag, V 1964. Tod und Jenseits nach dem Alten Testament. *SThU* 34, 17-37.

Martin-Achard, R 1960. *From death to life: A study of the development of the doctrine of the resurrection in the Old Testament*. London: Oliver & Boyd.

Noord, E 1984. JHWJ und das Böse: Bemerkungen zu einer Verhältnisbestimmung, in Van der Woude, A S (ed), *Prophets, worship and theodicy: Studies in prophetism, biblical theology and structural and rhetorical analysis and on the place of music in worship*, 120-136. Leiden: Brill. (OTS 23.)

Ogden, G S 1975. The Tôb-Spruch in Qohelet: Its function and significance as a criterion for isolating and identifying aspects of Qohelet's thought. D.Phil thesis, Princeton Theological Seminary.

Sawyer, J F A 1973. Hebrew words for the resurrection of the dead. *VT* 23, 218-234.

Schmidt, W H 1982. *Alttestamentlicher Glaube in seiner Geschichte.* 4.Aufl. Neukirchner-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Schoors, A 1985. Koheleth: A perspective of life after death? *EThL* 61, 295-303.

Stemberger, G 1972. Das Problem der Auferstehung im Alten Testament. *Kairos* 14, 273-290.

Vriezen, Th C & Van der Woude, A S 1973. *De literatuur van Oud-Israël*. 4 e druk. Wassenaar: Servire.

Whitley, C F 1979. *Kohelet: His language and thought*. Berlin: De Gruyter. (BZAW 148.)

Whybray, R N 1982. Qohelet, preacher of joy. *JSOT* 23, 87-98.

Wolff, H W 1974. *Anthropologie des Alten Testaments*. 2.Aufl. München: Kaiser.

Zapletal, V 1911. *Das Buch Kohelet: Kritisch und metrisch untersucht, übersetzt und erklärt*. 2.Aufl. Freiburg: Herdersche Verlagshandlung.